# DIE SKIETLOOD

168ste Uitgawe 30 Augustus 2019
saam met Koersvas 168

**Die GHG se vergadering gaan besin oor volhoubare kerkwees. Die volgende gespreksdokument gaan dien as basis vir die gesprek.**

Volhoubare kerkwees

**1. Inleiding**

Menslik gesproke is dit een van die eerste vrae wat gestel moet word na die volhoubaarheid van enige projek. Dit blyk wreed te wees om 'n gemeenskap vir 'n week te voed en dan weer te laat verhonger. Om werklik 'n verskil te kan maak moet enige projek volhoubaar wees. Kerkwees kan nie gesien word as volhoubare projek nie. God self hou Sy kerk in stand. Enige poging tot diens aan die Here geskied in gehoorsaamheid. Dit is God se kerk. Tog leef ons in die oortuiging dat ons eiesoortige manier van diens aan die Here aan volgende geslagte oorgedra moet word. Enige twyfel oor ons aard en identiteit het 'n impak op ons volhoubaarheid. Die GHG staan weens verskeie faktore voor groot uitdagings. Een van die grootste uitdagings is juis die voortbestaan van ons eiesoortige vorm van diens aan die Here.

Hierdie gespreksdokument maak geen aanspraak op volledigheid of voorskriftelikheid nie. Dit is 'n poging om die gesprek aan die orde te bring en denke te stimuleer.

As agtergrond; sekere stellings om te onthou: Christus is die hoof van die kerk, nie ons nie. Dit is Christus se kerk. Christus bepaal die doel en lot van Sy kerk, nie ons nie. Christus definieer wat reg en waar is, God bepaal reg en verkeerd, nie mense nie..

**2. Agtergrond**

**a. Die Bybel**

Daar is geen twyfel nie dat die boodskap van God se genade net in die Bybel gevind kan word. Die Bybel is God se Woord en ons vind ons bestaansreg en opdragte in die Bybel wat deur God aan ons gegee is; II Timoteus 3:16,17 "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk."

Ons vind ons opdrag dan ook in dieselfde Skrif. Matteus 28:19-20 "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

Hierdie opdrag is eenvoudig en uitdagend van aard: Dit is eenvoudig omdat die opdrag stel dat ons moet verkondig, mense lei tot bekering, doop, en mense leer om Jesus se leringe te onderhou. Hierdie opdrag geld vir hierdie bedeling, van daardie oomblik van Hemelvaart totdat die Here weer kom. Daar is met ander woorde menslik gesproke geen vaste termyn (100 jaar of 6 eeue byvoorbeeld) gekoppel aan die opdrag nie. Die feit dat net die Vader die tyd van die wederkoms ken, maak dit vir ons as gelowiges 'n opdrag wat

volhardend gehoorsaam moet word asof daar geen einde sal wees nie. Dit roep ons tot volhoubare pogings om gehoorsaam te bly. Ons doen dit in en met die sekerheid dat daar wel tog 'n einde sal wees.

Die een troos is dat die Here Jesus met ons sal wees deur Sy Gees, tot op die dag wat die getal uitverkorenes volledig is en die Here die nuwe bedeling vestig. Die opdrag is uitdagend omdat die Here geen vaste struktuur of metode gee vir die uitvoer van hierdie opdrag nie. Dr Botma het in die Bondsvergadering van 2018 se gespreksdokument duidelik aangedui dat daar meer as een model van kerkwees in die Bybel teruggevind kan word sonder dat daar vaste voorskrifte is. Dieselfde geld die liturgiese indeling van diens aan die Here. Die een saak wat duidelik is, is dat mense aan die kerk moet behoort en in diens aan die Here moet volhard; Hebreërs 10:25 "Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."

**b. Die geskiedenis**

Die geskiedenis van die kerk is 'n menslike een, en tog is dit duidelik uit die geskiedenis dat God self Sy kerk onderhou en laat groei. Die eerste les wat ons leer uit die geskiedenis is dat daar geen waarborge is ten opsigte van die voortbestaan van 'n spesifieke kerk/gemeente nie. Nie eens die feit dat jou gemeente/kerk se naam in die Bybel staan, is 'n waarborg dat jou gemeente tot die wederkoms sal bestaan nie. Ons lees van die sewe gemeentes in Klein-Asië Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea. Hoe gaan dit nou in daardie gemeentes? Nie een van die gemeentes bestaan vandag nie. Nege en negentig persent van Turkeie se bevolking is vandag Moslems - teenoor die 25% wat so onlangs as een eeu gelede Christene was.

Vyf kilometer van die ruïnes van Efese is die dorpie Selçuk, omdat die bevolking daarheen verskuif het. Dit is 'n dorp waar 'n klein groepie Moslems wat tot bekering gekom het 'n Protestante gemeente het. Smirna se naam het verander na Izmir. Dit is een van die stede op aarde wat nog die langste bewoon is en is 'n florerende stad met meer as vier miljoen (Moslem) inwoners, van wie sommige sal weet dat Christene eenmaal daar gewoon het. Pergamum (die stad waar Polikarpus - leerling van Johannes - die biskop was) staan vandag bekend as Bergama, daar is geen kerk in die stad nie. Tiatira, die geboortedorp van Lidia (Handelinge 16:14), se karige ruïnes is opgediep in die dorp Akhisar, 'n stad sonder kerk of gelowiges. Skaars 2 kilometer van die dorpie Sart is die ruïnes van Sardis. Daar is geen kerk in die omgewing nie, net die bouvalle van 'n vierde eeuse Bisantynse kerkgebou. Alaşehir is gebou op die restant van die stad wat bekend gestaan het as Filadelfia, met karige ruïnes wat gesien kan word. Daar is vandag net 'n moskee in die stad. Laodisea is vernietig tydens 'n aardbewing in 600 nC. Die meeste inwoners het hervestig na die stad van Denizli. Geen kerk bestaan nie en geen gelowiges woon daar nie.

Paulus se brief aan die Romeine is geskryf aan die verskillende

huisgemeentes wat in die stad was, nie een spesifieke gemeente nie, maar eerder die gemeenskap van Christene aldaar (Romeine 1:7 " Aan almal in Rome vir wie God liefhet en wat Hy geroep het om aan Hom te behoort"). Geleerdes spekuleer dat die verskillende huisgemeentes gestig is deur gelowiges wat in Jerusalem was ten tye van Pinkster. Hierdie gemeentes het gegroei en floreer, geen wonder dat Paulus hulle wou besoek nie. Die Vatikaan en die Roomse kerk is nie die voortsetting van die "gemeente in Rome" nie.

Korintiërs - Die stad Korinte het verskuif. Daarmee saam weet ons dat die laaste korrespondensie aan die gemeente deur Clement gestuur is. Die gemeente het weens interne spanning in obskuriteit verdwyn.

Galasiërs - Die brief is geskryf aan die gemeentes in die streek/provinsie. Daar is geen aanduiding dat enige van die gemeentes oorleef het nie, daar geen gemeente is wat vandag daarop aanspraak kan maak dat hulle bestaan teruggevoer kan word na die eerste eeu na Christus toe nie.

Efesiërs - Reeds bespreek.

Filippense - Die stad is in die 14e eeu ontvolk tydens die Ottoman inval. Geen gemeente het van toe af daar kon bestaan nie.

Kolossense - Die stad is in 1192/3 vernietig en die inwoners het verhuis na Chonai (vandag bekend as Honaz). Die kerk was ook vernietig. Daar is tot op hede geen argeologiese opgrawings ten opsigte van die oorspronklike stad gedoen nie.

Tessalonisense - Die gemeente bestaan lankal nie meer nie. Daar is 'n kerkgebou wat dateer uit die 4e eeu wat as die oudste kerkgebou voorgehou word. Geen lidmate, geen gelowiges te bespeur nie, die gemeente het verdwyn! Die kerke en gemeentes in Europa en die gebied wat onder die Grieks-Ortodokse beheer is, vertel 'n storie van verval en groei. Gemeentes kom en verdwyn, kerkgeboue word gebou en afgebreek of gebrand. Tog groei die getal gelowiges.

**c. Onlangse gebeure**

In ons eie land kan ons die groei, bloei en verval van kerke aandui. Die geskiedenis van die NHKA is in ouer lidmate se geheue ingebrand. Johannesburg byvoorbeeld: Gemeentes het tot stand gekom en lidmate versorg. Demografiese verskuiwings het gemaak dat gemeentes soos Brixton, Crosby, Roodepoort en Florida toemaak. Baie van die kerke is omskep in Moslem moskees. Die NHKA se "hoofkantoor" is verkoop; die Dirk van der Hoff-gebou is nou 'n inheemse kerk se hoofkwartier.

Die NHKA self is besig om te krimp. Soos ook die NGKSA en die Gereformeerde kerk. GHG kerke is op hierdie stadium stabiel in terme van lidmaatgetal, al het ons reeds gemeentes verloor (Vaalwater, Heilbron). Die ontstellende is dat die mens sy behoefte om vermaak te word en sy eie emosies te laat dikteer, veroorsaak dat Charismatiese dwalinge groot getalle lidmate die pad laat byster raak.

Hoe gaan ons die beste gehoorsaam wees aan Christus se opdragte? Is ons oortuig dat ons 'n legitieme aanbidding van die Here voorstaan? Hoe gaan ons mense leer om alles te onderhou wat

Jesus geleer het? Gaan ons Efese en Filippi volg?

**3. Uitdagings en geleenthede**

**a. Eiendomme**

Daar is verskillende aspekte wat hier ter sprake kom. Die eerste daarvan is dat die geboue nie noodsaaklik is nie. Dit is bruikbare hulpmiddels en instrumente in ons diens aan die Here. Sommige gemeentes besit geen eiendom nie; ander is in die stryd om die onderhoud van geboue en terreine gewikkel. Die veranderende situasie in ons land, demografiese verskuiwings, wetgewing en veranderinge in ekonomiese werklikhede speel in op die ideale hantering van eiendom. Elke gemeente/kerk sal 'n eie gesprek moet voer ten opsigte van die eiendomme aan hulle toevertrou. Hierdie gesprek oor rentmeesterskap sal altyd ondergeskik wees aan die strewe na gehoorsaamheid in diens aan die Heer van die kerk.

**b. Hofgeding**

Die een saak wat hierdie interne gesprek kortwiek, is die hofgeding wat op verskeie vlakke voortgesette diens aan die Here kan pootjie. Die ekonomiese werklikhede van ons land maak dat gemeentes in 'n stryd om finansiële oorlewing gewikkel is. Bydraes tot die Regsfonds word getrou gemaak. Finansiële verpligtinge maak dit onmoontlik om aan ander belangrike sake (soos opleiding van predikante) finansiële aandag te skenk. Ons is dankbaar dat die Bondsdames jaarliks by wyse van die kwilt-projek 'n bydrae tot teologiese opleiding lewer. Is die GHG se voortbestaan onlosmaaklik verbind aan die wen van die hofgeding? Net as die GHG gereduseer word tot 'n vereniging wat eiendomme besit. Die stelling dat die wen van die hofgeding net meerdere hulpmiddels los sal maak, moet oorweeg word. In die tussentyd moet gemeentes se fokus op die opdrag van die kerk gefokus bly.

**4. Sterkpunte**

Dit is ons oortuiging dat die GHG geen toevallige verskynsel is nie. Die GHG is meer as net die voortsetting van die Voortrekkerkerk. Ons as Geloofsbond bied 'n behoudende ruimte vir nuwe en ou gelowiges om die Here in 'n gewyde, geordende ruimte, te aanbid. Wat beteken dit?

**a. Teologie**

Die stelling word met reg gemaak dat daar by die NHKA se AKV oor alles behalwe teologie gepraat was. Tog is daar by die Geloofsbond se vergaderings 'n behoudende teologiese onderbou te bespeur wat maak dat daar oor vele sake ooreenstemming is. Die aandrang van die dissonante stemme het gemaak dat teologiese gesprekke eerder vermy is. In stede van sake waaroor daar verskil van mening was, indringend bespreek en nuwe konsensus bereik, is sake verwys vir verdere studie of gewoon oor gestem sonder gesprek.

Die GHG streef daarna om die teologiese onderbou wat ons in konsensus aan mekaar bind, te versterk waar daar konsensus is. Gelukkig het ons eeue van Reformatoriese denke om op te bou. Teologiese gesprek en konsensus is van groot belang indien ons aan die Here se opdrag gehoor wil gee, die toekoms in. Hierdie teologiese gesprek is noodsaaklik omdat die vrae wat gestel word, nie sonder antwoorde kan wees nie. Die kontingente aard van

die geskiedenis maak dat geen deel van ons teologiese denke kan verstar nie. Daar moet telkens op nuwe maniere woorde en stem gegee word aan die tydlose boodskap van genade en redding in Christus ons Here.

Die GHG se aanvaarding dat die Bybel die Woord van God is en dien as hoogste gesag, ons verbintenis tot die drie Belydenisse en die drie formuliere van eenheid, asook ons verbintenis tot ope gesprek en konsensus dien as goeie teologiese basis om te strewe na volhoubare kerkwees.

**b. Identiteit**

Die konsep van Christen wees is dikwels so afgewater in die 21e eeu dat dit nodig is om weer 'n sterk identiteit van gelowige-wees aan die samelewing te bied. Die teologiese basis is 'n goeie begin. Konsensus oor die liturgiese elemente (2018 bespreek) en 'n openbare lewe wat spreek van geloof is van groot belang. Gehoorsaamheid aan die Here so opdrag beteken veral dat die dualisme van Maandag tot Saterdag teenoor Sondag versaak moet word. Geloof is 'n 24/7 saak en dit moet in prediking, liturgie en daaglikse lewe duidelik uitgeleef word. Die liturgie van die lewe moet deel word van GHG lidmate se bestaan.

Hierdie identiteit is natuurlik ondergeskik aan die eise van God soos in Sy Woord aangedui. Gelowiges is eerstens Christene en dan GHG lidmate. Dit beteken nie dat die GHG manier van diens aan die Here ongeldig is nie. Die verskeidenheid van God se skepping sluit verskeidenheid van persoonlikhede en perspektiewe in. Enige karaktertrek, getoets aan die Bybel, kan met reg gehandhaaf word, steeds gehoorsaam aan die Here.

**c. Tegnologie**

Die gebruik van tegnologie as hulpmiddel kan ver terug gevoer word. Die gebruik van 'n mikrofoon en klanksisteem maak sin. Die predikant werk 'n week lank hard om in gehoorsaamheid God se stem by die lidmate uit te kry. Die data projektor maak dit vir lidmate moontlik om op te kyk en uit volle bors te sing. Tegnologie kan misbruik word - die preek kan verword in 'n klomp prentjies wat gewys word, teen die aard van die Woord van God is. Tog kan daar oordeelkundig goeie gebruike aangedui word.

Die een saak wat baie tel in die guns van die GHG, is die openheid wat daar bestaan ten opsigte van die gebruik van tegnologie wat beskikbaar is. Verskeie innoverings dien die diens aan God. Elektroniese vergaderings, Facebook, nuusbriewe en Twitter is maar net die oppervlakkige. Die gebruik van video preke in plaas van leesdienste wanneer die nood druk is met goeie rede deel gemaak van ons benadering. Preke wat op Youtube geplaas word, asook die uitstuur van preke op whatsapp maak dat baie mense verkondiging hoor wat andersins nie hulle beskore sou wees nie. Lidmate wie se gesondheid swak is, wat nie vervoer het nie, wat moet werk of wat woon in die verre verlorenheid, baat by 'n positiewe aanwend van moderne tegnologie.

Soos dit met die geval van geboue is, is tegnologie net 'n hulpmiddel en nie deel van die kern nie. Whatsapp en video preke kan nooit die bywoon van eredienste vervang nie. Voortgesette gesprek oor die effektiewe gebruik van

tegnologie is van kardinale belang. Die eerste vraag is natuurlik of al die gemeentes van die GHG inderdaad beskikbare tegnologiese hulpmiddels gebruik. Sien ons tegnologie as goeie en bruikbare hulpmiddel? Is ons agterdogtig ten opsigte van enige gebruik van die middele tot ons beskikking?

**5. Fokuspunte**

Waar moet die fokus van die GHG wees ten opsigte van voortgesette kerkwees? Die onderskeid moet getref word tussen basiese beginsels en fokuspunte. Daar moet telkens getoets word of die GHG steeds bou op die basiese beginsels. Hierdie beginsels kan (soos reeds gestel) teruggevoer word na die opdrag in Matteus 28. Gemeentes/kerke se eie fokuspunte en prioriteite kan verskil van dit wat hier bespreek word. Dit is net belangrik dat elke kerk hierdie gesprek sal voer om te verseker dat ons bewustelik en denkend die einde van tyd tegemoet gaan. Die fokuspunte kan in eie konteks ook verander aan die hand van kontingente geskiedenis gebeure. Sekere sake blyk nou van belang te wees.

**a. Predikante**

Daar het reeds 3 predikante emeritaat aanvaar en 3 het van lewenstaat verander. Die gemiddelde ouderdom van predikante styg jaarliks. Die gebrek aan 'n eie teologiese opleiding maak indringende gesprekke oor die opleiding van predikante noodsaaklik. Die Kuratorium is besig om die skryf van 'n eie akademiese program te bestuur. Daar sal telkens na nuwe eise en uitdagings gekyk moet word, om om te verseker dat daar predikante in die toekoms na behore opgelei en beskikbaar sal wees. Dit kan selfs ingrypende veranderings aan ons verstaan van predikante en hulle opleiding impliseer. Enige opleiding sal beïnvloed word deur die eie situasie, maar altyd aan die eise van ons opdrag moet voldoen.

**b. Lidmaat getalle**

God weeg, God tel nie. Tog is dit waar dat ekonomie van skaal maak dat eerder 'n groot getal lidmate 'n standplaas kan bekostig. Hierdie feit maak nie dat die GHG in sy wese na getalle moet jaag nie. Tog is dit 'n goeie aanduiding van gehoorsaamheid en toewyding indien daar vanuit die wêreld nog mense by die uitverkorenes gevoeg kan word. Die gesprek na die GHG se benadering ten opsigte van lidmaat getalle moet eerlik gevoer word.

**c. Spesialis bediening**

Dit is verstommend dat die mantra van die tyd 'jeugbediening' is. Hierdie fokus op die bediening van die jeug het baie te make met die ideologie van die dag en bitter min met die demografie van ons situasie. Die tydsgees se beheptheid met jonkwees het jeug in status verhoog en vervreem van die werklikhede van menswees. Indien ons die demografie bepalend wou maak, sou ons spesialis bediening op ouer mense en oud-word moes fokus. Indien ons ekonomiese werklikhede wou laat dikteer, sou ons spesialis bediening op die armes en die arm-wordende bevolking moes fokus. Indien die gesondheid van mense in die kollig is, moet die spesialis bediening gefokus wees op hospitaal- en siekebesoek. So sou ons na verskillende aspekte van menswees kon verwys. Natuurlik kan ons nie alle dimensies van menswees hier uitlig nie.

Wat is die mens se grootste nood? Kan ons menswees reduseer tot een of 'n paar fasette van bestaan? Spesialis bediening is per definisie juis 'n inperking van die opdrag wat ontvang is. Die enigste vorm van spesialis bediening wat sin maak, is om die Evangelie tydig en ontydig te verkondig. Om aan almal wat dit wil hoor, en almal wat dit nie wil hoor nie, te vertel dat Jesus die Here is. Predikante en lidmate moet toegerus en gemotiveer wees om hierdie taak in gehoorsaamheid te bly uitvoer. Sien die GHG dit so?

**d. Kategese**

Uit die opdrag (leer hulle om alles te onderhou) is dit duidelik dat kategese deel van die kern van gehoorsame diens sal wees. Wat behels hierdie ;kategese; alles? Dit strek wyer as bloot die amptelike kategese wat aan dopelinge en volwassenes in klas konteks gebied word. Gesprekke by die kerk, tydens huisbesoek, Bybelstudie, gemeente blaadjies, Die Skietlood en vele ander kontak geleenthede is situasies waar mense onderrig kan word. Hierdie geleenthede moet identifiseer word en benut word.

Ten opsigte van formele kategese is dit belangrik dat die nodige aandag aan die inhoud van stof wat aangebied word, gegee sal word. In 'n vorige bedeling was daar gefokus op temas en behoeftes. Sonder om die kinders te vervreem deur argaïese metodes, moet hulle steeds vertroud gemaak word met die inhoud van die Bybel. Gesprekke tuis, tydens huisbesoek asook die prediking moet lidmate toerus (kategese) om die Evangelie ook aan ander te gaan verkondig. Kategese berei nie net mense voor om geloof te bely nie, dit rus hulle toe om in hierdie lewe gelowig staande te bly en om die Goeie Nuus aan ander oor te dra.

Hoeveel en van watter aard gaan die GHHG se aandag wees aan hierdie saak?

**6. Kerkwees die toekoms in, gerig op die Wederkoms**

Om volhoubaar GHG te wees, is dit uitdaging wat in hierdie gesprek uitgelig moet word. God se kerk, God se toekoms. Tog sou ons so besig wou wees by Sy koms dat Hy ons goeie en getroue slawe sal noem. Die oop einde van die toekoms maak beplanning moeilik. Ons kan maar net van dag tot dag onsself toets ten opsigte van ons gehoorsaamheid aan die Here se opdrag.

Wie nie beplan nie, beplan om te misluk. Hoe gaan ons hierdie waarheid versoen met die onsekerheid van die wederkoms? Dit is God se toekoms. Ons kan wik, God sal beskik. Anders gestel: Die GHG moet homself so inrig en so beplan, dat ons steeds besig sal wees om ons opdrag uit te voer wanneer die Here kom. Onderbreek Hy ons planne, sal ons jubel oor Sy koms.

Mag hierdie gedagtes denke en bydraes tot Sy eer stimuleer.

Johan Otto
Cullinan Augustus 2019